
# 413 Sê, my volk, o sê My – Die Verwytinge




Al jou agtervolgers
het Ek met krag gedood,
en vir jou gespysig
met soete hemelbrood;
jou veilig deur die see laat gaan,
jou water uit die rots laat slaan.
Daarvoor het jy
die kruis vir My berei.

Veertig jaar het Ek jou
deur die woestyn gelei,
koelte in die sonbrand,
lig in die nag versprei,
en jou met trou Verlosserhand
gebring na die beloofde land.
Daarvoor het jy
die kruis vir My berei.

Wat nog was Ek skuldig?
Wat meer wou jy nog hê?
As my edel wingerd
het Ek jou aangelê.
Maar wrange vrug het jy gebring,
vir my asyn en gal laat drink
en nog daarby
die kruis vir My berei.

Onder alle nasies
het Ek jou uitgesoek,
maar jy het Barrabas
gekies en My vervloek.
Met dorings het jy My gekroon.
My ook gespuug, geslaan, gehoon.
En sê: Waarvoor My aan die kruis
deurboor?

Grote God, genade!
O grote God, vergeef!
Heilige en Sterkte,
voor wie ons angsvol beef.
Onsterflike en heil'ge Heer,
wil ons tot U, ons God, bekeer.
Dat ons mag leef,
Gekruisigde, vergeef!

Onbekend

Onbekend